In die spore van Barnabas

Gevorm deur die Gees met geestelike gewoontes

Chris van Wyk

Pinkstertyd is ’n besondere tyd van die kerkjaar. Ons fokus op die gawe van die Gees aan gelowiges en dink na oor die betekenis daarvan vir die praktyk van die lewe.

Pinkster 2011 is vir die NG Kerk ook ’n besondere mylpaal, omdat dit vanjaar die 150ste jaar is wat Pinksterbidure gehou word in navolging van die proses wat in 1861 in die Paarl begin het.

Daar is verskeie reekse wat vanjaar vir Pinkster beskikbaar gestel word. Een daarvan is die *Seisoen van Luister*-reeks: *In die spore van Barnabas – gevorm deur die Gees met geestelike gewoontes*.

Bybel-Media het ook ’n Bybelstudieboek, *Barnabas* wat kleingroepe ná Pinkster kan gebruik om dieper hierin te delf oor ’n tydperk van tien weke – bestel by www.bmedia.co.za.

Die verhaal van Barnabas

Die verhaal van Barnabas is een van die onvertelde en onderskatte verhale in ons Bybelse biblioteek. Hy is egter by uitstek iemand wat wys hoe ’n lewenstyl gevorm word deur die geestelike gewoontes wat jy beoefen:

- Die **Here** kon Barnabas se dankoffer gebruik om die eerste gemeente finansieel te bemoedig en te laat oorleef. Sonder sy ***vrygewigheid*** sou die gemeente baie moeilik ’n basis kon wees vir die eksponensiële groei van die koninkryk in die eerste paar dekades van ons jaartelling.
- Die **kerk** kon Saulus en sy bediening aanvaar weens Barnabas wat hom ***gasvry*** ontvang het en só vir Saulus as borg in die eerste gemeente opgetree het. Daarsonder sou die kerk baie maklik eksklusief-Joods kon bly en kon kies om nie grense na ander oor te steek nie.
- Die jong Johannes **Markus** het in Barnabas ’n begeleier en mentor van formaat gevind wat hom deur sy gawe van ***bemoediging*** in staat gestel het om nie net uiteindelik met Paulus te versoen nie, maar ook die eerste en oudste evangelie te skrywe. Sy evangelie skets die eerste koherente prentjie van Jesus wat deur die ander sinoptiese evangelies as bronteks gebruik is.

Barnabas het ’n fenomenale bydrae tot die eerste kerk en die vestiging van die koninkryk gemaak. Woorde ontbreek eintlik om sy bydrae na waarde te skat.

Hy was veral ’n **bemoediger**, soveel so dat dit sy bynaam geword het. Hy was ’n **borg** vir Saulus, ’n **brugbouer** in Antiogië, ’n **bemagtiger** van Saulus as leraar, ’n pionier**bedienaar** van die evangelie aan die heidene en ’n bobaas-**begeleier** van jong gelowiges.

Barnabas is dus vir almal van ons ’n voorbeeld van iemand wat sy arsenaal van gawes – bemoediging, vrygewigheid, gasvryheid, begeleiding – tot voordeel van die kerk en in diens aan die Here aangewend het. Hy illustreer vir ons hoe ’n Christelike lewenstyl werk.

Of ’n mens nou kan peil trek op die sesde-eeuse monnik van Siprus, Alexander Monachus, se beskrywing van Barnabas of nie (“his face was like that of an angel … and he had sparkling eyes”– Laudatio Barnabae 25), Barnabas verdien ’n plek in die harte van Christene wêreldwyd as ’n man wat uitnemend daarin geslaag het om sy gawes in diens van sy roeping in die kerk en koninkryk in te span. Hy is ’n ware stigterspionier van die kerk van Christus wat meegewerk het aan sy wêreldgestalte.

“Barnabas verdien ’n plek in die harte van Christene wêreldwyd as ’n man wat uitnemend daarin geslaag het om sy gawes in diens van sy roeping in die kerk en koninkryk in te span.”

Pinkster 2011

Ons fokus daarom in Pinkster 2011 op wat die Heilige Gees deur die lewe van Barnabas gedoen het. Aan die een kant daag die Heilige Gees ons uit om Barnabas se navolgers te word – as bemoedigers, borge, brugbouers, bemagtigers, bedienaars en begeleiers. Hy wys immers vir ons hoe ’n lewenstyl gevorm word deur die geestelike gewoontes wat ’n mens in jou lewe bemeester.

Aan die ander kant bemoedig die Heilige Gees ons dat Hy altyd tweede kanse gee – soos Hy dit gedemonstreer het in die wyse waarop Barnabas Saulus en Johannes Markus bemoedig en begelei

het. Die Heilige Gees gee dus op ’n besondere wyse hierdie Pinkster weer hoop vir leiers en lidmate deur die voorbeeld van hierdie goeie man, Barnabas, wat vol was van die Heilige Gees en met ’n vaste geloof geleef het.

Tien grepe uit sy verhaal word vir hierdie reeks gekies, aan die hand waarvan ook tien geestelike gewoontes gehanteer word (met ’n **joernaal** wat lidmate kan gebruik tydens die Pinksterweek – laai dit af by www.seisoenvanluister.co.za).

Barnabas die bemoediger (vrygewigheid)

Handelinge 4:32-37 – *die Heilige Gees versprei die evangelie deur vrygewigheid*.

God roep spesifieke mense. Hy gebruik hulle afkoms en gawes, wat baie keer doodgewone goed is soos ’n stuk grond wat jy besit. Om dít dan op ’n unieke manier in te span binne die kerk en gemeenskap om verstommende goed reg te kry, soos om van die Christelike gemeenskap wêreldwyd ’n vrygewige, gasvry een te maak. Barnabas se vrygewige geskenk het ’n impak ver bo dit wat hy in sy tyd kon voorsien het. Dit is waar van enigiemand wat gewone dinge in diens van die Here en sy kerk stel.

Ons kan Barnabas navolg in die bemeestering van die geestelike gewoonte van vrygewigheid.

Barnabas die borg (gasvryheid)

Handelinge 9:26-31 – *die Heilige Gees skep veilige ruimtes deur gasvryheid*.

Roeping is ’n dinamiese reis en nie ’n bestemming nie. Barnabas het nie vasgeval in ’n vrygewigheidsbediening nie, soos wat maklik in Jerusalem kon gebeur het. Die nood was immers groot. Hy het gedoen wat die Here op sy hart lê – in die gewone gang van die lewe. Hy het nie verder betrokke geraak by byvoorbeeld die versorging van die weduwees nie, hoewel hy tog in ’n sekere sin betrokke gebly het deurdat hy gekies word om die gemeente van Antiogië se dankoffer vir die gemeente in Jerusalem te bring (Hand 11). Hy fokus egter daarop nuwe bedienaars van die evangelie raak te sien en hulle gasvry in te trek.

Ons kan Barnabas navolg in die bemeestering van die geestelike gewoonte van gasvryheid.

Barnabas die brugbouer (bemoediging)

Handelinge 11:19-24a – *die Heilige Gees verskuif grense deur die getuienis van gewone mense*.

Barnabas is die eerste leraar wat begin om Jode en nie-Jode in een gemeente te bedien. Hy vestig ’n model vir hoe die kerk behoort te wees. Hy sluit aan by die uitbreiding van die evangelie en bemoedig en bevestig die Griekse gelowiges in hulle verbintenis aan die Here. Onthou dat hy dus daarmee aansluit by ’n beweging van gewone gelowiges wat die evangelie aan ander bring. Dit is gewone Joodse gelowiges van Siprus en Sirene wat hier oor grense stap om ander taalgroepe te bereik. Dit is hulle wat die kerk telkens moet navolg.

Dit nooi ons ook uit om deel te word van die rimpeleffek van hierdie gebeure wat steeds oor die hele wêreld sigbaar is, daar waar grense van kultuur en taal met die evangelie van Jesus Christus oorgesteek word.

Ons kan Barnabas navolg in die bemeestering van die geestelike gewoonte van bemoediging.

Barnabas die bemagtiger (omgee)

Handelinge 11:24b-30 – *die Heilige Gees sorg vir ander deur ons omgee.*

Waar Barnabas vroeër met sy vrygewigheid ’n direkte impak op die gemeente in Jerusalem gehad het, raak hy nou die instrument wat ’n ander gemeente se vrygewigheid aan die gemeente in Jerusalem gaan oordra. Barnabas se persoonlike hulpbetoon aan Jerusalem in sy vroeëre verblyf daar, word nou voortgesit in die vorm van ’n korporatiewe omgeediens aan die gemeente van Jerusalem. Dit is een van die eerste gevalle van onderlinge gemeentesorg en barmhartigheid binne die verband van gemeentes. Met sy eie omgee het hy die nuwe gemeente in Antiogië bemoedig, sowel as vir Saulus in sy bediening, en die gemeente versterk in hulle eie mededeelsaamheid teenoor die eerste gemeente in Jerusalem. Ons kan Barnabas navolg in die geestelike gewoonte van omgee.

Barnabas die bedienaar (daaglikse ondersoek)

Handelinge 13:1-12 – *’n Gestuurde gemeente leef deur gebed en getuienis*.

God gee alles wat ons nodig het om ons roeping te leef. Wat in Barnabas se lewe begin het met die verkoop van ’n stuk grond en gelei het tot ’n verbintenis aan Saulus en die gemeente in Antiogië, word nou ’n volskaalse roeping om die wêreld met die evangelie van Jesus Christus te bereik. Elke deel van dié voorafgaande pad tot hier – gawes, afkoms, onderrig, ervarings – gee aan die roepingsreis ’n doelgerigtheid en dinamika.

Gebed is ’n belangrike manier waardeur God se wil onderskei word – sowel in die ontvangs as bevestiging daarvan. Daarin speel die gemeenskap van gelowiges as ’n groep ’n belangrike rol. Een van die gebedspraktyke wat deur die eeue ontwikkel is om mense te help om God se stem te herken, is die geestelike gewoonte wat die daaglikse ondersoek (“daily examen”) genoem word. Dit is die geestelike gewoonte wat ons gaan beoefen.

Barnabas die beledigde (getuienis)

Handelinge 13:13-52 – *die Heilige Gees gee die ewige lewe deur ons getuienis*.

Barnabas en Paulus maak in Antiogië in Pisidië groot deurbrake vir die evangelie. Dit gebeur deur die goeie boodskap van Jesus as Verlosser aan die hand van die einste wet en die profete te bring. Dit is belangrik dat dit ook gebeur deur die gesprekvoering wat daarná volg waarin oor die betekenis van die deurbrake nagedink word en mense aangemoedig word om op die genade van God te bly vertrou.

God gee die ewige lewe deur hulle getuienis. Dit is met dié hoop dat ons met ons lewe en woorde van Hom getuig oral waar ons kom – ook gewone gelowiges soos Handelinge ons duidelik leer.

Ons kan Barnabas navolg in die geestelike gewoonte van getuienis.

Na bl. 17

op ’n aspek van die Christelike lewe te fokus.

Die familietydskrif *Konteks* stel elke maand liturgieë voor vir gebruik deur gemeentes. Veral Elsabé Kloppers en Natie van Wyk lewer groot insette. Ná Drie-eenheidsondag, direk ná Pinkstersondag, fokus gemeentes op die werk van die Heilige Gees (Julie), die Vader (Augustus), die Skepping (September), kerk en wêreld. Dit eindig met Hervormingsondag (Oktober) en die Eskatologie (November).

Daar is dus nie ’n Pinksterbiduur-tradisie by die NHK nie, maar wel ’n hele maand lank wat by die gewone eredienste op die werk van die Heilige Gees gefokus word. Daarmee het die NHK dus ’n eie tradisie begin skep waarby baie gemeentes inval en wat tot ’n verrykte spiritualiteit lei.

Kerkjaar

Die fokus op die kerkjaar as iets wat regdeur die jaar belangrik is, is iets wat

“Daar is dus nie ’n Pinksterbiduur-tradisie by die NHK nie, maar wel ’n hele maand lank wat by die gewone eredienste op die werk van die Heilige Gees gefokus word.”

die afgelope twee dekades ook in die NGK-familie ’n rol begin speel het. Communitas (destyds Buvton) het hierin ’n leidende rol gespeel met die *Leesrooster-en-Preekstudie*-projek wat sedert die negentiger jare van die vorige eeu vir elke Sondag ’n preek- en liturgiese riglyn beskikbaar stel, en in die jongste paar jaar deur Bybel-Media befonds en uitgegee word.

Die ekumeniese leesrooster (*Revised Common Lectionary*) se voorgeskrewe tekste word meesal gebruik, maar soos daar ander ekumeniese temas na vore tree (Skepping, Barmhartigheid), word ander tekste ook toenemend gebruik. Die *Seisoen van Luister* het sedert sy ontstaan in 2005 hierby aangesluit en publiseer weekliks in samewerking met Bybel-Media ’n preekskets en Powerpoint-agtergrond op die internet.

Die NGK-familie, NHK en die Gereformeerde Kerke plaas dus verskillende aksente en volg eiesoortige programme. Nogtans blyk dit dat die werk van die Heilige Gees hoog op die agenda van al dié kerke is. Blootstelling aan mekaar se aksente en programme kan net tot onderlinge verryking lei.

Miskien kan die leiers van die onderskeie kerke wat by hierdie programme betrokke is, ’n slag bymekaar kom om by mekaar te leer en deur mekaar verryk te word.

In die spore van Barnabas (vanaf bl. 15)

Barnabas die bewonderde (nederigheid)

Handelinge 14:1-20 – *’n Nederige lewenstyl kies die pad van dienslewering en nie magsvertoon nie*.

Nederigheid kom nie vir ons natuurlik nie. Niemand wil graag aan die onderpunt van die leer wees nie. Die probleem is dat ’n sug na waardering baie maklik in ’n sug na mag verander – juis die versoeking waarvoor Jesus in die woestyn geplaas is (Matt 4:1-11).

Geen wonder nie dat Barnabas en Paulus hier met amperse aggressie reageer op die heldeverering wat hulle te beurt val, en vasberade keer dat hulle in die sentrum van die mense se gedagtes te staan kom. Hulle hantering van die probleem van heldeverering is ’n model vir ons om na te volg.

Ons kan Barnabas navolg in die geestelike gewoonte van nederigheid.

Barnabas die beskermer (gemeenskap)

Handelinge 14:21-28 – *die Heilige Gees skep ’n gemeenskap waarbinne geloof tot sy reg kom*.

Geloof kom net tot sy reg as mense in ’n gemeenskap tot hulle reg kom.

Jesus het nie ’n geskrif nagelaat nie, wel ’n gemeenskap. Barnabas en Paulus versterk dus die onderlinge gemeenskap en kies leiers om verantwoordelikheid vir die Woordverkondiging en leiding van die gemeente te neem. So beskerm hulle die prosesse wat aan die gang gekom het in antwoord op die evangelie. Dit beteken dat hulle die gemeente die geheim van ’n gedeelde taal en saamwees aanleer.

Ons kan Barnabas navolg in die geestelike gewoonte van gemeenskap.

Barnabas die besluitnemer (geloofsonderskeiding)

Handelinge 15:1-35 – *die Heilige Gees leer ons onderskei deur getuienisse en die Bybel*.

Die oop deur van geloof vir die heidene wek interne weerstand op van gelowiges uit die Fariseërs. Dit is ’n katalisator vir die onderskeiding van God se wil. Onderskeiding sluit almal se bydraes in, gewone gelowiges en leiers s’n. Dit werk met getuienisse oor God se werk in die lewe en word getoets aan die Skrifwoord, totdat daar klarigheid kom. Eers as wye instemming bereik is, word dit die besluit van die geloofsgemeenskap.

Ons kan Barnabas navolg in die geestelike gewoonte van geloofsonderskeiding.

Barnabas die begeleier (lewenspraktyk)

Handelinge 15:36-41 (Kol 4:10; Fil 24; 2 Tim 4:11; 1 Pet 5:13) – *die Heilige Gees seën mense deur ons lewenspraktyke*.

Barnabas en Paulus verskil met mekaar oor gelowiges wat terugdeins … en ’n tweede kans wil hê.

Paulus sê Johannes Markus kan nie saamreis nie, en Barnabas dat hy welkom is: Almal verdien ’n tweede kans. Wat het Barnabas so laat besluit? Sy onderskeidingsvermoë en sy gawe van bemoediging. Hy voeg dit saam in ’n lewenspraktyk van begeleiding.

Aan die einde van ons reis met Barnabas wil ons dus ’n oorkoepelende geestelike gewoonte bemeester, te wete die lewenspraktyk.

Ons kan Barnabas navolg in die geestelike gewoonte van ’n lewens-praktyk wat in ’n basiese Christelike lewenstyl tot uitdrukking kom.